

15.8 RAPPORT 8 – DEPUTATE DIAKONALE SAKE – KONSTITUSIE VIR DIE PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS PRETORIA/REDDERSBURG (Artt 50, 76)

15.8 REPORT 8 – DEPUTIES DIACONAL AFFAIRS – CONSTITUTION FOR THE PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS PRETORIA/REDDERSBURG (Arts 50, 76)

- A. Ds FJ Potgieter stel die Rapport.
Rev. FJ Potgieter tables the Report.
- B. **Besluit:** Verwys die Rapport na Kommissie Diakonale Sake.
Decision: Refer Report to Commission Diaconal Affairs.
- C. Ds AP Tredoux rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake.
Rev. AP Tredoux reports on behalf of Commission Diaconal Affairs.

D. RAPPORT / REPORT

<p>1. NAAM</p> <p>1.1. Die organisasie wat hiermee saamgestel word, sal genoem word Die President Kruger Kinderhuis _____ NPO</p> <p>1.2. Die President Kruger Kinderhuis _____ is gestig op _____ en die NPO-registrasienommer by die departement van maatskaplike ontwikkeling is _____.</p> <p>1.3. Die Openbare Weldaadsorganisasie (PBO) se nommer by die SAID is _____</p> <p>1.4. Die verkorte naam sal bekend staan as die President Kruger Kinderhuis _____ (hierna verwys na as die Kinderhuis).</p> <p>2. REGSPERSOON</p> <p>2.1 <i>Die Kinderhuis</i> beskik tans oor 'n registrasiesertifikaat en is daarom 'n regspersoon. Dit beteken die Kinderhuis sal:</p> <p>2.1.1 bestaan as regspersoon in eie reg, afsonderlik van sy lede.</p> <p>2.1.2 sal voortgaan om te bestaan selfs al verander die samestelling van sy lede of ampsdraers.</p> <p>2.1.3 in staat wees om eiendom en ander bates te besit.</p> <p>2.1.4 in staat wees om te dagvaar of in eie naam gedagvaar te word.</p> <p>3. DOELWITTE</p> <p>3.1 Die hoofdoel van die Kinderhuis is die omvattende versorging van hulpbehoewende kinders deur middel van 'n individuele behandelingsprogram ten einde hul lewenskwaliteit en</p>	<p>1. NAME</p> <p>1.1 The organisation hereby constituted will be called President Kruger Kinderhuis _____ NPO</p> <p>1.2 The President Kruger Kinderhuis NPO was founded on _____ and the NPO registration number with the department of Social Development is _____.</p> <p>1.3 The Public Benefit Organisation (PBO) number with SARS is _____</p> <p>1.4 It's shortened name will be President Krugerkinderhuis _____ (hereinafter referred to as <i>the Kinderhuis</i>).</p> <p>2. BODY CORPORATE</p> <p>2.1 <i>The Kinderhuis</i> is currently in possession of a certificate of registration and is therefore a body corporate. This means that <i>the Kinderhuis</i> shall:</p> <p>2.1.1 Exist in its own right, separately from its members.</p> <p>2.1.2 Continue to exist even when its membership changes and there are different office bearers.</p> <p>2.1.3 Be able to own property and other possessions.</p> <p>2.1.4 Be able to sue and be sued in its own name.</p> <p>3. OBJECTIVES</p> <p>3.1 The main objective of the Kinderhuis is the extensive care of children in need by means of an individual treatment plan to ensure improvement of their quality of life and future expectations.</p>
--	---

<p>toekomsverwachting te verbeter.</p> <p>3.2 Die sekondêre doelwitte van die Kinderhuis is:</p> <p>3.2.1 Om uit te reik na die fisiese, psigologiese, sosiale en godsdienstige behoeftes van die kinders in die algemene sorg van die Kinderhuis, met behulp van ontwikkelings, terapeutiese en rekreasie programme, en met God se Woord as basis.</p> <p>3.2.2 Om uit te reik na die direkte gemeenskap om die Kinderhuis met soortgelyke programme.</p> <p>3.2.3 Om kwaliteit versorging te bied aan die kinders van die Kinderhuis met geïnstitutionaliseerde sorg en 'n goed opgeleide werkerskorps.</p>	<p>3.2 The secondary objectives of the Kinderhuis are:</p> <p>3.2.1 To reach out to the physical, psychological, social, and religious needs of the children in the general care of the Kinderhuis, with the Word of God as the foundation. This is to be done by means of developmental, therapeutic, and recreational programmes.</p> <p>3.2.2 To reach out to the community surrounding the Kinderhuis with similar programmes.</p> <p>3.2.3 To provide quality care to the children of the Kinderhuis with a fulfilled workforce and institutionalised care.</p>
<p>4. BESTUUR STRUKTURE EN METODE VAN BESTUUR</p>	<p>4. GOVERNING STRUCTURE AND MECHANISM OF GOVERNANCE</p>
<p>4.1 <i>Bestuurskomitee</i></p>	<p>4.1 <i>Management Committee</i></p>
<p>4.1.1 'n Bestuurskomitee (ook bekend as die ampsdraers) sal die Kinderhuis bestuur.</p>	<p>4.1.1 A Management Committee (also known as the office bearers) will manage the Kinderhuis.</p>
<p>4.1.1.1 Die Bestuurskomitee sal bestaan uit nie minder as ses (6) lede, maar nie meer as nege (9) lede nie.</p>	<p>4.1.1.1 The Management Committee will be made up of not less than six (6) members but not more than nine (9) members.</p>
<p>4.1.1.2 Die Bestuurskomitee sal bestaan uit: 'n Voorsitter, 'n ondervoorsitter, 'n sekretaris, 'n tesourier, 'n addisionele lid (aangewys deur die Deputate Diakonale Sake), addisionele lid (plaaslike kerkraad).</p>	<p>4.1.1.2 The Management Committee will consist of the: Chairman, vice chairman, secretary, treasurer, additional member (appointed member of the Deputies Diaconal Matters) and an additional member (local Church council).</p>
<p>4.1.1.3 Die ledevergadering (ook bekend as die registrasie houër) nomineer die ampsdraers van die Kinderhuis, behalwe vir die lid wat deur die Deputate Diakonale Sake aangewys word.</p>	<p>4.1.1.3 The members meeting (aka the registration holder) nominates the office bearers of the Kinderhuis, except for the member appointed by the Deputies Diaconal Matters.</p>
<p>4.1.1.4 Die Deputate Diakonale Sake keur die nominasies van die Bestuurskomitee lede goed soos aanbeveel deur die ledevergadering.</p>	<p>4.1.1.4 The Deputies Diaconal Matters approves the nomination of members of the Management Committee as per the recommendation of the members meeting.</p>
<p>4.1.1.5 Verteenwoordigers van staatsdepartemente, streeks of plaaslike owerhede kan in ex-officio kapasiteit aangewys word, sonder enige stemreg.</p>	<p>4.1.1.5 Representatives of state departments, regional or local authorities can be assigned to the Management Committee in an ex-officio capacity without voting rights.</p>
<p>4.1.1.6 Ten minste 3 lede, wat fidusiêre verantwoordelikheid aanvaar vir die Openbare Weldaadsorganisasie</p>	<p>4.1.1.6 At least three persons who accept fiduciary responsibility for the public benefit organisation will not be</p>

<p>(PBO), sal nie verwant wees aan mekaar nie en geen persoon sal in sy persoonlike kapasiteit direk of indirek beheer hê oor die besluitnemingsproses nie.</p> <p>4.1.1.7 Geen vergoeding sal aan werknemers, ampsdraers, lede of ander persone betaal word wat buitensporig is nie, inaggenome wat algemeen aanvaarbaar is in die sektor asook die dienste wat gelewer is. Dit mag ook geen persoon ekonomies bevoordeel vir iets wat nie in lyn is met die Kinderhuis se doelwitte nie.</p> <p>4.1.1.8 Inwoners kry by wyse van 'n kinderforum geleentheid om deel te neem aan die bestuur van die Kinderhuis. Insette in die verband berus alleenlik by die operasionele funksies wat die versorging van die kinders in die Kinderhuis raak. Die kinderforum het egter nie die reg om beleid van die Kinderhuis neer te lê nie, maar kan aanbevelings aan die bestuur maak.</p> <p>4.2 <i>Ampstermyn</i></p> <p>4.2.1 Die ampsdraers sal vir periode van drie (3) jaar dien wat deur die algemene ledevergadering goedgekeur is by a algemene jaarvergadering.</p> <p>4.2.2 Hulle kan egter vir meer as een opeenvolgende termyn dien met kontinuïteit as doel.</p> <p>4.3 <i>Vakatures</i></p> <p>4.3.1 Die ampsdraers moet so gou as moontlik, deur middel van koöptering enige vakatures vul.</p> <p>4.4 <i>Kwalifisering van lidmaatskap</i></p> <p>4.4.1 Lidmaatskap is oop vir alle afgevaardigdes van die diakonieë van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika sowel as die Deputate Diaconale Sake.</p> <p>4.4.2 Daar word van alle lede verwag om by die reëls van die Kinderhuis te hou.</p> <p>4.5 <i>Bedanking</i></p> <p>4.5.1 'n Ampsdraer kan bedank uit sy amp deur skriftelik kennis te gee.</p> <p>4.6 <i>Diskwalifikasie of verwydering</i></p> <p>4.6.1 Die Deputate Diaconale Sake of die Bestuurskomitee mag ampsdraers afdank of opgeskort by wyse van a resoluë van een van sy vergaderings,</p>	<p>connected persons in relation to each other, and no single person directly or indirectly controls the decision-making powers relating to such organisation.</p> <p>4.1.1.7 No remuneration will be paid to any employee, office bearer, member, or other person, which is excessive, having regard to what is generally considered reasonable in the sector and in relation to the service rendered and has not and will not economically benefit any person in a manner which is not consistent with its objectives.</p> <p>4.1.1.8 By means of a children's forum the residents of the Kinderhuis can also take part in the management of the Kinderhuis. Input in this regard rests solely with the operational functions that affect the care of the children in the Kinderhuis. However, the children's forum does not have the right to lay down policy for the Kinderhuis but can make recommendations to the management.</p> <p>4.2 <i>Term of office</i></p> <p>4.2.1 Office bearers will serve for a period of three (3) years which has been agreed to by the general membership at an AGM.</p> <p>4.2.2 They can however serve for more than one successive term for the sake of continuity.</p> <p>4.3 <i>Vacancies</i></p> <p>4.3.1 The office bearers must, as soon as reasonably possible, appoint someone to fill any vacancy by means of co-optation.</p> <p>4.4 <i>Qualification of Membership</i></p> <p>4.4.1 Membership is open to all delegates of the Deacons of the GKSA as well as the Deputies for Diaconal Matters.</p> <p>4.4.2 All members are expected to abide by the rules of the Kinderhuis.</p> <p>4.5 <i>Resignation</i></p> <p>4.5.1 An Office Bearer may resign from office in writing.</p> <p>4.6 <i>Disqualification or Removal</i></p> <p>4.6.1 The Deputies Diaconal Matters or the Management Committee may, by resolution passed at a meeting thereof, terminate or suspend an Office Bearer, if</p>
---	---

<p>indien hulle van mening is dat sy/haar optrede die Kinderhuis benadeel of teen sy doelwitte ingaan. Gegewe dat die ampsdraer die reg sal hê om deur die Bestuurskomitee en Deputate Diakonale Sake aangehoor te word voordat 'n finale besluit geneem word.</p> <p>4.6.2 Daar sal reg van appèl wees tot 'n onafhanklike arbiter wat deur gemeenskaplike ooreenkoms aange-stel word.</p>	<p>in its opinion his/her conduct is prejudicial to the interests and objectives of the Kinderhuis. Provided that the Office Bearer shall have the right to be heard by the Management Committee and Deputies Diaconal Matters before a final decision is made.</p> <p>4.6.2 There shall be a right of appeal to an independent arbitrator appointed by mutual agreement.</p>
<p>5. MAGTE VAN DIE KINDERHUIS</p>	<p>5. POWERS OF THE KINDERHUIS</p>
<p>5.1 Die Bestuurskomitee sal namens die Kinderhuis optree en sy sake bestuur in ooreenstemming met die resolusies van die lede soos dit op algemene jaarvergadering van tyd tot tyd geneem sal word solank die resolusies in lyn is met die laaste konstitusie wat deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika goedgekeur is.</p> <p>5.2 Die Bestuurskomitee is in beheer daarvan om besluite te neem en die uitvoering daarvan op so 'n manier dat die doelwitte van die Kinderhuis bereik word soos uiteengesit in paragraaf 3 van hierdie konstitusie, inaggenome dat dit nie teen die resolusies van die lede is nie en ook nie teen die wet van die Republiek van Suid-Afrika is nie.</p> <p>5.3 Die Bestuurskomitee bepaal die gesag en funksies van sy ampsdraers en delegeer dit skriftelik aan elkeen (konstituering).</p> <p>5.4 Die Bestuurskomitee mag met enige assosiasie, institusie, organisasie of liggaam, hetsy ingelyf of oningelyf saamwerk in die nastrewing van die doelwitte van die Kinderhuis soos omskryf in paragraaf 3.</p> <p>5.5 Die Bestuurskomitee mag reëlings tref met enige owerheid tot voordeel van die Kinderhuis indien dit beteken dat regte of konsessies verkry kan word wat sal help met die bereik van die Kinderhuis se doelwitte.</p> <p>5.6 Die Bestuurskomitee het die algemene magte en gesag om:</p> <p>5.6.1 ondersteuning en advies aan die Kinderhuis bestuurder te gee.</p> <p>5.6.2 die Kinderhuis te bestuur, beman en onderhou.</p>	<p>5.1 The Management Committee will carry out the powers on behalf of the Kinderhuis and it will manage the affairs of the Kinderhuis in accordance with the resolutions of the members as shall be taken at general meetings held from time to time as long as these resolutions are in line with the latest constitution approved by the Synod of the GKSA.</p> <p>5.2 The Management Committee is responsible for making decisions, and acting on such decisions, which it believes it needs to make to achieve the objectives of the Kinderhuis as set out in number 3 of this constitution, provided that it is not against the resolutions of the members or be against the law of the Republic of South Africa.</p> <p>5.3 The Management Committee determines the authority and functions of its office bearers and delegates this in a written form to each of them (constitution).</p> <p>5.4 The Management Committee may collaborate with any association, institution, or body, whether incorporated or not, as decided in pursuit of achieving the goals of the Kinderhuis as set out in paragraph 3.</p> <p>5.5 The Management Committee may make arrangements with any authorities to the benefit of the Kinderhuis, if this means getting rights or concessions that will assist in achieving the goals of the Kinderhuis.</p> <p>5.6 The Management Committee have the general powers and authority to:</p> <p>5.6.1 provide support and advice to the Kinderhuis Manager.</p> <p>5.6.2 manage, staff and maintain the Kinderhuis.</p>

<p>5.6.3 fondse in te samel, beleggings te maak of bydraes te vra en te ontvang.</p> <p>5.6.3.1 Geen fondse mag deur die Bestuurskomitee ingesamel word vir ander redes as wat in hierdie konstitusie uiteengesit word nie.</p> <p>5.6.4 bates/eiendom aan te koop, te huur of te verhuur, of te verruil indien dit nodig is om die Kinderhuis se doelwitte te bereik.</p> <p>5.6.5 verordeninge maak vir die behoorlike beheer en bestuur van die Kinderhuis.</p> <p>5.6.6 die huishoudelike reëls, regulasies en prosedures wat op die inwoners en personeel van toepassing is goed te keur.</p> <p>5.6.7 alle aansoeke en toelatings tot die Kinderhuis te hanteer, te keur en goed te keur. Kinders kan slegs op grond van 'n wettige hofbevel (gekommiteerd / plek van veiligheid) in die sorg van die Kinderhuis geplaas word, en</p> <p>5.6.8 personeel strukture, salarisskale en vergoeding in oorleg met die Deputate Diakonale sake te bepaal.</p> <p>5.6.9 sub-komitees te vorm wanneer en indien nodig vir goeie funksionering van die Kinderhuis.</p> <p>5.6.9.1 Die Bestuurskomitee mag enige magte na die sub-komitee deleger mits:</p> <p>5.6.9.1.1 so 'n afvaardiging en voorwaardes in die notule van 'n vergadering reflekteer</p> <p>5.6.9.1.2 ten minste een van die ampsdraers op die komitee dien</p> <p>5.6.9.1.3 daar drie of meer persone op die sub-komitee dien</p> <p>5.6.9.1.4 die subkomitee gereeld aan die Bestuurskomitee terug rapporteer oor sy werksaamhede</p> <p>5.6.9.2 Die Bestuurskomitee moet vooraf alle uitgawes wat deur die subkomitee aangegaan word goedkeur en mag die afvaardiging herroep of die voorwaardes van die afvaardiging aanpas.</p>	<p>5.6.3 raise funds, make investments or to invite and receive contributions.</p> <p>5.6.3.1 No funds may be raised by the Management Committee for reasons other than stipulated in this constitution.</p> <p>5.6.4 buy, hire, rent out or exchange for any property that it needs to achieve its objectives.</p> <p>5.6.5 make by-laws for proper governance and management of the Kinderhuis</p> <p>5.6.6 approves all internal household rules, regulations, and procedures applicable to the residents and personnel.</p> <p>5.6.7 deals with, selects and approves all applications and admissions to the Kinderhuis. Children are only placed in the care of the Kinderhuis by means of a legal court order.</p> <p>5.6.8 determines personnel structures, salary scales and remuneration in consultation with Deputies Diaconal Matters.</p> <p>5.6.9 form sub-committees as and when it is necessary for proper functioning of the organisation.</p> <p>5.6.9.1 The Management Committee may delegate any of its powers to a sub-committee provided that:</p> <p>5.6.9.1.1 such delegation and conditions are reflected in the minutes for a meeting</p> <p>5.6.9.1.2 at least one Office Bearer serves on the sub-committee</p> <p>5.6.9.1.3 there are three or more people on a sub-committee</p> <p>5.6.9.1.4 the sub-committee regularly reports back to the Management Committee on its activities</p> <p>5.6.9.2 The Management Committee must, in advance, approve all expenditure incurred by the sub-committee and it may revoke the delegation or amend the conditions of the delegation.</p>
<p>6. ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV)</p> <p>6.1 Die Algemene jaarvergadering moet jaarliks, nader aan die einde van die Kinderhuis se finansiële jaareinde gehou word.</p>	<p>6. ANNUAL GENERAL MEETING (AGM)</p> <p>6.1 The annual General Meeting (AGM) must be held once a year, towards the end of the financial year of the Kinderhuis.</p>

<p>6.2 Alle belanghebbendes by die Kinderhuis moet die algemene jaarvergadering bywoon.</p> <p>6.3 <i>Die doel van die AJV is dat:</i></p> <p>6.3.1 ampsdraers aan belanghebbendes terugvoer kan gee oor die prestasies en aktiwiteite van die laaste jaar.</p> <p>6.3.2 Veranderinge aan die konstitusie voorgestel kan word vir goedkeuring deur die Deputate Diaconale sake.</p> <p>6.3.3 Lede in staat gestel word om oor die beleid van die Kinderhuis te besluit.</p> <p>6.4 <i>Die Bestuurskomitee moet, onder andere, die volgende op die AJV hanteer:</i></p> <p>6.4.1 Goedkeuring van die sake wat op die agenda hanteer moet word</p> <p>6.4.2 Presensie – wie is teenwoordig en wie het verskoning gemaak</p> <p>6.4.3 Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering</p> <p>6.4.4 Verslag vanaf die Voorsitter</p> <p>6.4.5 Verslag vanaf die tesourier en aanstelling van die ouditeur</p> <p>6.4.6 Voorgestelde veranderinge aan die konstitusie</p> <p>6.4.7 Verkiesing van ampsdraers (aan die einde van ampstermyn of bedanking van ampsdraers)</p> <p>6.4.8 Algemeen</p> <p>6.4.9 Afsluiting</p>	<p>6.2 Stakeholders of the Kinderhuis must attend the annual general meetings.</p> <p>6.3 <i>The purpose of the AGM is to:</i></p> <p>6.3.1 Report back to the stakeholders from the Office Bearers on the achievements and work over the year.</p> <p>6.3.2 Propose any changes to the Constitution for approval by the Deputies Diaconal Matters.</p> <p>6.3.3 Enable members to decide on the policies of the organisation.</p> <p>6.4 <i>The Management Committee must deal with the following business, amongst others, at its annual general meeting:</i></p> <p>6.4.1 Agree to the items to be discussed on the agenda</p> <p>6.4.2 Presence – who is present and who provided apologies for attendance</p> <p>6.4.3 Approval of the minutes of the previous meeting</p> <p>6.4.4 Report from the Chairman</p> <p>6.4.5 Report from the Treasurer and appointment of the auditors</p> <p>6.4.6 Proposed changes to the Constitution</p> <p>6.4.7 Election of Office Bearers (at the end of service term or resignation of office bearers)</p> <p>6.4.8 General</p> <p>6.4.9 Closing</p>
<p>7. ALGEMENE VERGADERINGS</p> <p>7.1 Algemene vergaderings verwys na alle Bestuurskomitee vergaderings en ledevergaderings wat nie die algemene jaarvergadering is nie.</p> <p>7.2 Algemene vergaderings word gehou om daaglikse besigheid van die Kinderhuis af te handel. Hierdie vergaderings word eenkeer per kwartaal gehou en word bygewoon deur die Bestuurskomitee.</p> <p>7.3 Die Bestuurskomitee vergaderings sal ten minste een keer per kwartaal gehou word of soos die nood hom voordoen van tyd tot tyd om die take van die Bestuurskomitee af te handel.</p> <p>7.4 Die bestuurder van die Kinderhuis sal skriftelik terugvoer gee op die geskeduleerde Bestuurskomitee vergaderings oor die aktiwiteite van die Kinderhuis.</p>	<p>7. ORDINARY MEETINGS</p> <p>7.1 Ordinary meetings refer to all Management Committee meetings and members meetings that is not an AGM.</p> <p>7.2 Ordinary members meetings are conducted to complete a standard order of business of the Kinderhuis. These are held once a quarter and are attended by the Management Committee.</p> <p>7.3 The Management Committee meetings will be held at least once a quarter or when a need arises from time to time to conduct the business of the Management Committee.</p> <p>7.4 The manager of the Kinderhuis will provide a written report of the activities at the Kinderhuis at scheduled Management Committee meetings.</p>

<p>8. VERGADERING PROSEDURES</p> <p>8.1 Die Bestuurskomitee mag sy vergaderings en verrigtinge reguleer na goeë dinge, mits dit aan die volgende voldoen:</p> <p>8.1.1 Dat die Voorsitter sal voorgaan in alle vergaderings van die Kinderhuis, insluitend die Bestuurskomitee vergaderings</p> <p>8.1.2 Dat, as die Voorsitter nie teenwoordig kan wees nie, die ondervoorsitter in die vergadering sal voorgaan. Indien beide die voorsitter en ondervoorsitter nie die vergadering kan bywoon nie, moet die teenwoordige Bestuurskomitee lede iemand uit eie geledere kies om as voorsitter te dien vir die betrokke vergadering. Dit moet gedoen word voor die vergadering begin.</p> <p>8.2 Kworums vir alle vergaderings is die helfte + 1 (50% + 1) van die relevante lede wat verwag word om 'n vergadering by te woon.</p> <p>8.3 Alle vergaderings van die Kinderhuis moet 'n quorum bereik voordat besluite geneem kan word.</p>	<p>8. MEETING PROCEDURES</p> <p>8.1 The Management Committee may regulate its meetings and proceedings as they see fit, subject to the following:</p> <p>8.1.1 That the Chairman shall chair all meetings of the Kinderhuis, including that of the Management Committee</p> <p>8.1.2 That, if the Chairman is not present the, the Vice-Chairman shall chair such meeting. In the event both are absent, the Management Committee members present at the meeting shall elect a chairman for that meeting. This must be done before the meeting starts.</p> <p>8.2 Quorums for all meetings of the organisation shall be a simple majority (50% + 1) of relevant members who are expected to attend.</p> <p>8.3 All meetings of the Kinderhuis must reach a quorum before any decisions can be made.</p>
<p>9. BESLUITNEMING TYDENS VERGADERINGS</p> <p>9.1 Waar moontlik sal alle besluite geneem word deur konsensus te bereik. Sou daar nie konsensus bereik kon word nie, sal lede verskillende opsies bespreek en daarvoor stem.</p> <p>9.2 Alle stemme moet getel word en die meerderheid stemme vir 'n saak sal dien as die finale besluit van die vergadering.</p> <p>9.3 Indien opponerende stemme gelykop is, sal die Voorsitter van daardie vergadering die finale stem hê.</p> <p>9.4 Alle lede moet berus by die meerderheid stem.</p> <p>9.5 Ten minste 3 lede, wat fidusiêre verantwoordelikheid aanvaar vir die Openbare Weldaadsorganisasie (PBO), sal nie verwant wees aan mekaar nie en geen persoon sal in sy persoonlike kapasiteit direk of indirek beheer hê oor die besluitnemingsproses nie.</p>	<p>9. MAKING DECISIONS IN MEETINGS</p> <p>9.1 Where possible the decisions of the Kinderhuis will be taken by consensus. However, where there is no consensus, the members will discuss options and call for a vote.</p> <p>9.2 All votes shall be counted and majority votes on an issue shall be regarded as the decision of the meeting.</p> <p>9.3 However, if opposing votes are equal on an issue, the Chairman in that meeting has the deciding vote.</p> <p>9.4 All members must abide by the majority decision.</p> <p>9.5 At least three persons who accept fiduciary responsibility for the public benefit organisation will not be connected persons in relation to each other, and no single person directly or indirectly controls the decision-making powers relating to such organisation.</p>
<p>10. KENNISGEWINGS EN REKORDS VAN VERGADERINGS</p> <p>10.1 Die Voorsitter van die Bestuurskomitee sal vergaderings belê. Die sekretaris moet alle komiteelede of algemene lede</p>	<p>10. NOTICES AND RECORDS OF MEETINGS</p> <p>10.1 The Chairman of the Management Committee shall convene meetings. The secretary must let all Committee members</p>

<p>van die voorgestelde datum verwittig binne 'n redelike tyd, maar nie minder as sewe (7) dae voor die vergadering sal plaasvind nie.</p> <p>10.2 In die geval van die AJV of 'n spesiale vergadering, moet alle lede van die Kinderhuis van die vergadering in kennis gestel word, nie minder as veertien (14) dae voor die vergadering nie.</p> <p>10.3 Die kennisgewing van so 'n vergadering sal deur 'n agenda en die notule van die vorige vergadering vergesel word.</p> <p>10.4 Kennisgewings van alle vergaderings waarvoor daar in hierdie konstitusie voorsiening gemaak word, moet skriftelik aan relevante lede gekommunikeer word hetsy persoonlik, deur die pos of elektroniese kommunikasie of watter wyse verkies word na die adres of soortgelyke besonderhede wat deur die lid voorsien word.</p> <p>10.5 Behoorlike notule en presensie rekords moet gehou word vir alle vergaderings van die Kinderhuis.</p> <p>10.6 Die rekords sal as 'n ware rekord van verrigtinge dien by die volgende Bestuurskomitee vergadering of ledevergadering, soos dit van toepassing is, en sal daarna deur die Voorsitter geteken word.</p> <p>10.7 Die notule sal daarna veilig bewaar word en altyd byderhand wees vir lede om na te slaan.</p>	<p>or general members know the date of the proposed meeting within a reasonable time, but not less than seven (7) days, before it is due to take place.</p> <p>10.2 In the event of an AGM or special general meeting, all members of the Kinderhuis must be informed of the meeting no less than fourteen (14) days before such a meeting.</p> <p>10.3 The notice of such a meeting will be accompanied by the agenda of the meeting as well as the minutes of the previous meeting.</p> <p>10.4 Notices for all meetings provided for in this constitution must be given to relevant members in writing, either personally, by post or electronic communication or whichever manner it is convenient, to the address or other similar particulars provided by the member.</p> <p>10.5 Proper minutes and attendance records must be kept for all meetings of the Kinderhuis.</p> <p>10.6 The records shall be confirmed as a true record of proceedings by the next meeting of the Management Committee, or of members, as the case may be, and shall thereafter be signed by the Chairman.</p> <p>10.7 The minutes shall thereafter be kept safely and always on hand for members to consult.</p>
<p>11. INKOMSTE EN EIENDOM</p>	<p>11. INCOME AND PROPERTY</p>
<p>11.1 Die Kinderhuis sal rekord hou van alles wat besit word.</p> <p>11.2 Die Kinderhuis mag geen van sy geld of eiendom aan sy lede of Bestuurskomitee gee nie. Dit mag slegs gedoen word indien die lid of ampsdraer goedgekeurde werk vir die Kinderhuis gedoen het. Dit moet 'n redelike bedrag wees vir die werk wat gedoen is.</p> <p>11.3 Die Bestuurskomitee kan slegs geld terug-eis van die Kinderhuis vir uitgawes wat namens die kinderhuis aangegaan is en waarvoor daar vooraf magtiging verkry is.</p> <p>11.4 Geen lidmaatskapfooie sal gehef word nie.</p>	<p>11.1 The Kinderhuis will keep a record of everything it owns.</p> <p>11.2 The Kinderhuis may not give any of its money or property to its members or the Management Committee. The only time it can do this is to pay for approved work done for the Kinderhuis by a member or office bearer. The payment must be a reasonable amount for which the work that has been done.</p> <p>11.3 The Management Committee or member of the Kinderhuis can only get money back from the Kinderhuis for expenses that he or she has paid for on behalf of the Kinderhuis, and for which authorisation has been granted.</p> <p>11.4 No membership fees will be charged.</p>

<p>11.5 Die sake van die Kinderhuis word uitgevoer in 'n nie-winsgewende manier en met altruïstiese of filantropiese bedoeling.</p> <p>11.6 Geen aktiwiteite sal direk of indirek vir eie belang van enige belanghebbende of werknemer van die Kinderhuis aangewend word, tensy dit in die vorm van redelike vergoeding vir dienste gelewer is nie.</p> <p>11.7 Geen hulpbronne sal direk of indirek gebruik word om 'n politieke party te ondersteun, bevorder of teen te staan nie.</p> <p>11.8 Geen skenking sal aanvaar word wat herroepbaar is in die geval van die skenker vir ander redes as 'n wesenlike versuim om aan die aangewese doeleindes en voorwaardes van sodanige skenking te voldoen nie, insluitend enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan in terme van artikel 18A: Met dien verstande dat 'n skenker (behalwe 'n skenker wat 'n goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie is of 'n instelling, raad of liggaam wat ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van belasting vrygestel is, wat as sy enigste of hoofdoel die beoefening van enige openbare weldaadsaktiwiteit) mag nie enige voorwaardes stel wat so 'n skenker aan enige verbonde persoon met betrekking tot sodanige skenker in staat kan stel om 'n direkte of indirekte voordeel uit die toepassing van sodanige skenking te trek nie.</p>	<p>11.5 The activities of the Kinderhuis are carried on in a non-profit manner and with an altruistic or philanthropic intent.</p> <p>11.6 No activity will directly or indirectly promote the economic self-interest of any fiduciary or employee of the organisation otherwise than by way of reasonable remuneration.</p> <p>11.7 No resources will be used, directly or indirectly to support, advance or oppose any political party.</p> <p>11.8 No donation will be accepted which is revocable at the instance of the donor for reasons other than a material failure to conform to the designated purposes and conditions of such donation, including any misrepresentation with regard to the tax deductibility thereof in terms of section 18A: Provided that a donor) other than a donor which is an approved public benefit organisation or an institution, board or body which is exempt from tax in terms of section 10(1)(cA)(i), which has as its sole or principal object the carrying on of any public benefit activity) may not impose any conditions which could enable such a donor to any connected person in relation to such donor to derive some direct or indirect benefit from the application of such donation.</p>
<p>12. FINANSIES EN VERSLAE</p> <p>12.1 <i>Bankrekening</i></p> <p>12.1.1 Die Bestuurskomitee moet 'n bankrekening open in die naam van die Kinderhuis by 'n geregistreerde Bank.</p> <p>12.2 <i>Tekenregte</i></p> <p>12.2.1 Wanneer fondse onttrek word vanuit die bankrekening moet die Voorsitter en ten minste 2 ander gemagtigde lede van die Kinderhuis teken vir of magtiging gee vir die onttrekking of betaling om plaas te vind.</p> <p>12.3 <i>Finansiële jaareinde</i></p> <p>12.3.1 Die finansiële jaar van die Kinderhuis eindig op 31 Maart en begin op 1 April</p>	<p>12. FINANCES AND REPORTS</p> <p>12.1 <i>Bank Account</i></p> <p>12.1.1 The Management Committee must open a bank account in the name of the Kinderhuis with a registered Bank.</p> <p>12.2 <i>Signing</i></p> <p>12.2.1 Whenever funds are withdrawn from the bank account, the Chairman and at least two other members of the Kinderhuis must sign for or authorise the withdrawal / payment.</p> <p>12.3 <i>Financial year-end</i></p> <p>12.3.1 The financial year of the Kinderhuis ends on 31 March and begins on 1 April of every year.</p>

<p>van elke jaar.</p> <p>12.4 <i>Finansiële Verslag</i></p> <p>12.4.1 Die geouditeerde state en verslae van die Kinderhuis moet gereed wees en oorhandig word aan die Direkteur van Nie-winsgewende organisasies binne 6 maande na finansiële jaareinde.</p> <p>12.4.2 Die geouditeerde state en verslae van die Kinderhuis moet gereed wees en oorhandig word aan die onafhanklike ouditkomitee, soos aangewys deur die sinode van die GKSA binne 6 maande na finansiële jaareinde, vir hersiening en aanbevelings.</p> <p>12.4.3 'n Onafhanklike oudit komitee verslag moet jaarliks aan die Deputate Diakonale Sake so wel as aan die GKSA tydens 'n sinode sitting gelewer word, aangaande die finansiële state en verslae van die Kinderhuis.</p> <p>12.5 <i>Finansiële beleid</i></p> <p>12.5.1 Die finansies van die Kinderhuis word bestuur volgens die finansiële beleid soos goedgekeur deur die Bestuurskomitee en in konsultasie met die oudit komitee van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.</p> <p>12.6 <i>Rekenkundige beampte (ouditeur)</i></p> <p>12.6.1 'n Rekenkundige beampte (Ouditeur) moet by die AJV in oorleg met die Deputate Diakonale Sake aangestel word. Sy of haar taak is om die finansiële state van die Kinderhuis te oudit en te kontroleer.</p> <p>12.7 <i>Tesourier</i></p> <p>12.7.1 Die tesourier is verantwoordelik om die dag-tot-dag finansies van die Kinderhuis te beheer en om te verseker dat die geld van die Kinderhuis veilig is en kan van rekenskap gegee word.</p> <p>12.7.2 Die tesourier moet op 'n gereelde basis terug rapporteer aan die bestuurkomitee rakende die finansies van die Kinderhuis. Dit moet inkomstes, uitgawes en balanse insluit volgens die rekenkundige praktyke van die Kinderhuis.</p> <p>12.8 <i>Beleggings</i></p> <p>12.8.1 Indien die organisasie fondse het om te belê, mag die fondse slegs by geregistreerde finansiële instellings belê word. Hierdie instellings word in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984, gelys.</p>	<p>12.4 <i>Financial Report</i></p> <p>12.4.1 The audited financial statements and reports of the Kinderhuis must be ready and handed to the Director of Non-profit organisations within 6 months after the financial year-end.</p> <p>12.4.2 The audited financial statements and reports of the Kinderhuis must be ready and handed to the independent audit committee, as appointed by the synod of the GKSA, within 6 months after the financial year-end, for review and recommendations.</p> <p>12.4.3 An independent audit committee report must annually be delivered to the Deputies Diaconal Matters as well as the GKSA during a synod meeting, regarding the financial statements and reports of the Kinderhuis.</p> <p>12.5 <i>Financial Policy</i></p> <p>12.5.1 The finances of the Kinderhuis are managed according to a financial policy approved by the Management Committee and in consultation with the Audit Committee of the GKSA.</p> <p>12.6 <i>Accounting Officer (auditor)</i></p> <p>12.6.1 An Accounting officer (Auditor) must be appointed at the AGM in consultation with the Deputies Diaconal Matters. His or her duty is to audit and check the financial statements of the Kinderhuis.</p> <p>12.7 <i>Treasurer</i></p> <p>12.7.1 The treasurer is responsible for controlling the day-to-day finances of the Kinderhuis and ensuring that the money of the organisation is safe and accounted for.</p> <p>12.7.2 The treasurer reports back to the Management Committee on a regular basis on the finances of the Kinderhuis, which should include all incomes, expenditures, and balances that remain according to the accounting practices of the Kinderhuis.</p> <p>12.8 <i>Investments</i></p> <p>12.8.1 If the organisation has funds to invest, the funds may only be invested with registered financial institutions. These institutions are listed in Section 1 of the Financial Institutions (Investment of Funds) Act, 1984.</p>
---	---

<p>12.8.2 Of die organisasie kan sekuriteite kry wat op 'n gelisensieerde aandelebeurs genoteer is soos uiteengesit in die Wet op Effektebeurs beheer, 1985.</p> <p>12.8.3 Die Bestuurskomitee kan na verskillende banke gaan om te soek na advies ten opsigte van die beste manier om na hulle fondse om te sien.</p>	<p>12.8.2 Or the organisation can get securities that are listed on a licensed stock exchange as set out in the Stock Exchange Control Act, 1985.</p> <p>12.8.3 The Management Committee can go to different banks to seek advice on the best way to look after its funds.</p>
<p>13. WYSIGINGS AAN DIE KONSTITUSIE</p> <p>13.1 'n Wysigings voorstel vir hierdie konstitusie kan slegs by 'n AJV van die Kinderhuis gedoen word deur middel van 'n meerderheid stem.</p> <p>13.2 Soos voorsien word in klousule 10 van hierdie konstitusie moet geskrewe kennisgewings uitgaan nie minder as veertien (14) dae voor die vergadering waar die voorgestelde wysigings sal dien vir bespreking.</p> <p>13.3 Geen wysigings mag gemaak word wat tot gevolg sal hê dat die Kinderhuis moet toemaak nie.</p> <p>13.4 Behoorlike notule moet geneem word by die vergadering met betrekking tot die voorgestelde wysigings aan die konstitusie.</p> <p>13.5 Sou die voorgestelde wysigings aan die konstitusie aanvaar word deur die lede, word dit verwys na die Deputate Diakonale Sake vir finale goedkeuring. Die verantwoordelikheid van wysigings aan die konstitusie lê by die Deputate Diakonale Sake wat hierdie wysigings aan die daaropvolgende Sinode vergadering van die GKSA sal kommunikeer.</p> <p>13.6 'n Kopie van die wysigings aan die konstitusie sal aan die kommissie vir Suid-Afrikaanse inkomste Diens en aan die Departement Sosiale ontwikkeling gestuur word.</p>	<p>13. AMENDMENTS TO THE CONSTITUTION</p> <p>13.1 An amendment proposal of this constitution can only take place at the Annual General Meeting of the Kinderhuis by means of a majority vote.</p> <p>13.2 As provided for in clause 10, written notices must go out not less than fourteen (14) days before the meeting at which the changes to the constitution are going to be proposed. The notice must indicate the proposed changes to the constitution that will be discussed at the meeting.</p> <p>13.3 No amendments may be made which would have the effect of making the Kinderhuis cease to exist.</p> <p>13.4 Proper minutes must be taken regarding the proposed changes to the constitution.</p> <p>13.5 Should the proposed amendments to the constitution be accepted by the members meeting, it is referred to the Deputies Diaconal Matters for final approval. The responsibility for amendments to the constitution lies with the Deputies Diaconal Matters who will communicate any changes to the successive national Synod.</p> <p>13.6 A copy of the amendments to the constitution will be submitted to the Commission for the South African Revenue Service and the Department of Social Development.</p>
<p>14. ONTBINDING VAN DIE KINDERHUIS</p> <p>14.1 Die Kinderhuis kan ontbind word indien minstens twee derdes (2/3) van die lede van die Deputate Diakonale Sake wat teenwoordig is op 'n vergadering wat spesifiek vir daardie doel belê, ten gunste van die ontbinding stem.</p> <p>14.2 'n Kennisgewing van sodanige vergadering moet ten minste 21 dae voor die datum van die vergadering aan lede</p>	<p>14. DISSOLUTION / CLOSING DOWN</p> <p>14.1 The organisation may dissolve or close down if at least two thirds ($\frac{2}{3}$) of the members present and voting at a meeting convened for the purpose of considering such matter, are in favour of closing down.</p> <p>14.2 A notice of such a meeting shall be communicated to the members at least 21 days before the date of the meeting. If a</p>

<p>gekommunikeer word. Indien daar nie 'n kworum by die ontbindings vergadering teenwoordig is nie, word die vergadering vir minstens 1 dag verdaag en die lede wat dan die daaropvolgende vergadering bywoon sal as kworum geld.</p> <p>14.3 By ontbinding van die Kinderhuis moet alle uitstaande skuld vereffen word en alle oorblywende bates moet oorgeplaas word na:</p> <p>14.3.1 'n Organisasie wat goedgekeur is in terme van artikel 30 van die inkomste belasting wet</p> <p>14.3.2 Enige instansie, raad of liggaam wat vrygestel is van die betaling van inkomste belasting in terme van artikel 10(1)(cA)(i) van die inkomste belasting wet, wie se enkele doelwit is om aan te gaan met die take van die nie winsgewende organisasie of,</p> <p>14.3.3 Enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regering van die Republiek, wat oorweeg word in afdeling 10(1)(a) of (b) van die inkomste belasting wet.</p> <p>14.4 Die Kinderhuis se algemene vergadering kan besluit wie die bogenoemde organisasie/s moet wees.</p>	<p>quorum is not present at the dissolution meeting, it is postponed for at least 1 day and the members that can attend the subsequent meeting will serve as quorum.</p> <p>14.3 On dissolution of the public benefit organisation, the organisation must settle all outstanding debts and remaining assets must be transferred to</p> <p>14.3.1 A public benefit organisation, which has been approved in terms of section 30 of the Act.</p> <p>14.3.2 Any institution, board or body which is exempt from the payment of income tax in terms of section 10(1)(cA)(i) of the Income Tax Act, which has as its sole or principal object the carrying on of any public benefit activity; or</p> <p>14.3.3 Any department of state or administration in the national or provincial or local sphere of government of the Republic, contemplated in section 10(1)(a) or (b) of the Act.</p> <p>14.4 The organisation's general meeting can decide who the abovementioned organisation/s should be.</p>
<p>15. ONDERTEKENING VAN KONSTITUSIE</p> <p>Hierdie konstitusie is goedgekeur en aanvaar deur die Deputate Diaconale Sake op die vergadering gehou op 25 November 2022.</p> <p>_____</p> <p>Ds Fritz Potgieter (Voorsitter)</p> <p>_____</p> <p>Sr Anri Kotzee (Skakeldeputaat)</p> <p>_____</p> <p>.....</p> <p>Bestuurder van die President Kruger Kinderhuis</p>	<p>15. CONSTITUTION SIGN-OFF</p> <p>This constitution was approved and accepted by the Deputies Diaconal Matters on the meeting of 25 November 2022.</p> <p>_____</p> <p>Rev Fritz Potgieter (Chairman)</p> <p>_____</p> <p>Sr Anri Kotzee (Liaison Deputy)</p> <p>_____</p> <p>.....</p> <p>Manager of the President Kruger Kinderhuis</p>

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE / REPORT OF THE COMMISSION

<p>1. Opdrag Handel met Rapport 15.8. Besluit: Kennis geneem.</p>	<p>1. Assignment Deal with Report 15.8. Decision: Noted.</p>
---	--

<p>2. Werkswyse Rapport 15.8 sal in hierdie Rapport gehanteer word onder die hoofde sake waarvan kennis geneem word en sake waaroor besluit geneem word. Besluit: Kennis geneem.</p> <p>3. Sake waarvan die Sinode kennis neem Geen. Besluit: Kennis geneem.</p> <p>4. Sake waaroor die Sinode besluit 4.1 Die Deputate moet die hele Konstitusie professioneel laat proeflees vir moontlike probleme met spelling, leestekens en nommering. 4.2 Die hele Konstitusie word inhoudelik goedgekeur. Besluit: Punte 4.1 en 4.2 goedgekeur.</p>	<p>2. Procedure Report 15.8 will be handled in this Report under the headings matters over which note may be taken and matters over which decisions must be made. Decision: Noted.</p> <p>3. Matters which the Synod takes note off None. Decision: Noted.</p> <p>4. Matters which the Synod decides on 4.1. The Deputies must have the Constitution its entirety be proofread professionally so that possible problems regarding spelling, punctuation marks and numbering may be identified. 4.2. The Constitution is approved in substance Decision: Points 4.1 and 4.2 approved.</p>
--	---